Sondag

23 Februarie 2020 11:00

Pinelands, Kaapstad

kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 163

Soos ‘n wildsbok wat smag na water,
smag my siel na U, o Heer.
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.
U alleen is my bron van krag;
in U teenwoordigheid wil ek wag,
U alleen is my hartsverlange
en ek bring aan U die eer.

Woorddiens

Tema: Asemrowend! Alledaags!

Skriflesing: Matteus 17:1-9

Broodjies vir die pad

“To be someone's best friend requires a minimum investment of time. More than that, though, it takes emotional energy. Caring about someone deeply is exhausting.”
— Malcolm Gladwell, The Tipping Point: How Little Things Can Make a Big Difference

“Find meaning. Distinguish melancholy from sadness. Go out for a walk. It doesn’t have to be a romantic walk in the park, spring at its most spectacular moment, flowers and smells and outstanding poetical imagery smoothly transferring you into another world. It doesn’t have to be a walk during which you’ll have multiple life epiphanies and discover meanings no other brain ever managed to encounter. Do not be afraid of spending quality time by yourself. Find meaning or don’t find meaning but 'steal' some time and give it freely and exclusively to your own self. Opt for privacy and solitude. That doesn’t make you antisocial or cause you to reject the rest of the world. But you need to breathe. And you need to be.”
— Albert Camus, Notebooks 1951-1959

“What makes authentic disciples is not visions, ecstasies, biblical mastery of chapter and verse, or spectacular success in the ministry, but a capacity for faithfulness. Buffeted by the fickle winds of failure, battered by their own unruly emotions, and bruised by rejection and ridicule, authentic disciples may have stumbled and frequently fallen, endured lapses and relapses, gotten handcuffed to the fleshpots and wandered into a far county. Yet, they kept coming back to Jesus.”
— Brennan Manning, The Ragamuffin Gospel: Good News for the Bedraggled, Beat-Up, and Burnt Out

“I do not accept any absolute formulas for living. No preconceived code can see ahead to everything that can happen in a man's life. As we live, we grow and our beliefs change. They must change. So I think we should live with this constant discovery. We should be open to this adventure in heightened awareness of living. We should stake our whole existence on our willingness to explore and experience. ”
— Martin Buber

“the change I want to define and trace is one which takes us from a society in which it was virtually impossible not to believe in God, to one in which faith, even for the staunchest believer, is one human possibility among others. I may find it inconceivable that I would abandon my faith, but there are others, including possibly some very close to me, whose way of living I cannot in all honesty just dismiss as depraved, or blind, or unworthy, who have no faith (at least not in God, or the transcendent). Belief in God is no longer axiomatic. There are alternatives. And this will also likely mean that at least in certain milieux, it may be hard to sustain one's faith.”
— Charles Taylor, A Secular Age

“Therein, of course, lay a terrible problem for the Jews. One of their greatest gifts was the critical faculty. They had always had it. It was the source of their rationality, one of the factors which brought them to monotheism in the first place, for their critical sense would not allow them to accept the follies of polytheism. But they were not only critical; they were, perhaps above all, self-critical. And they were, or at any rate had been in ancient times, superb historians. They saw the truth, sometimes the ugly truth, about themselves, and they told it in the Bible. Whereas other peoples produced their national epics to endorse and bolster their self-esteem, the Jews wanted to discover what had gone wrong with their history, as well as what had gone right. That is why the Bible is littered with passages in which the Jews are presented as a sinful people, often too wicked or obstinate to accept God’s law, though they know it. The Jews, in fact, produced the evidence for their own prosecution.”
— Paul Johnson, History of the Jews

“For God does not want to be believed in, to be debated and defended by us, but simply to be realized through us.”
— Martin Buber, On Judaism

Lewe se wrede toets aan egpaar

Leon van Nierop

Ordinary Love.
Met Lesley Manville en Liam Neeson.
Regisseurs: Lisa D’Sa en Glenn Leyburn.
****

Vrydag 4 Februarie was Wêreldkankerdag, waarin mense, veral dié wat nie kanker het nie, opnuut bewus gemaak is van die gevare verbonde aan kanker, hoe dit genees kan word indien dit betyds gediagnoseer word, en selfs voorkom kan word. Waarin hierdie rolprent slaag, is sodat fliekgangers, wat net op televisiesepies of in romans van kanker hoor, die impak kan sien wat dit op mense se lewens het, en hoe dit ’n doodgewone bestaan kan verander en omvergooi.

Lesers moet verstaan dat die vier sterre die gehalte van hierdie rolprent weerspieël. Dit is nie op vermaak ingestel nie en is vry van clichés. Die resensie gaan dus verduidelik hoekom die rolprent so goed is en waarvoor lesers hulle moet gereedmaak as hulle gaan kyk. Want dit is ’n belangrike en broodnodige rolprent, maar is in ’n mineursleutel gemaak en verduidelik noukeurig wat gedurende behande-lings gebeur sonder om te tegnies te raak, in ’n preek verstrengel te raak of ’n dokumentêr te word. Daarom die vierde ster: want dit neem twee doodgewone karakters en wys op onderhoudende wyse wat met hulle gebeur en waardeur hulle gaan. Maar dit bring ook hulde aan die ongelooflike dapperheid van diegene met kanker wat daarteen veg.

Wat die rolprent nog meer merkwaardig maak, is omdat dit die alledaagse so treffend en boeiend uitbeeld. Min flieks slaag daarin, veral omdat ons reeds bederf is deur blitsvinnige redigering (*Birds of Prey*), oorverdowende klank (*Ford v Ferrari*) of buitengewone kinematografie en spesiale effekte (die uitstekende *1917*). Hier word die alledaagse uit ’n ander hoek bekyk omdat doodgewone mense in uitsonderlike omstandighede beland.

’n Middeljarige paartjie, wat gelukkig getroud is, is dol op hul rustige, ongekompliseerde lewe. Om kruideniersware te koop is ’n verkwiklike uitstappie. Om langs die see te wandel is ’n manier om nie net oefening te kry nie, maar alledaagse frustrasies te verwerk. Met ander woorde, dié twee mense skyn nie opgewasse te wees vir die toets wat die lewe nou aan hulle stel nie.

Eendag vind Lesley Manville as Joan uit dat daar ’n knop in haar bors is. Die stil vrees, die hoop dat dit van verbygaande aard is of vinnig genees kan word, word duidelik en met empatie en oortuiging oorgedra.

Dan die valbyl-oomblik. Kanker word by Joan gediagnoseer. Die skok, vrees en ongeloof op die aktrise se gesig alleen is ’n bekroning werd. Verskeie emosies vlek oor haar gelaat en gooi skaduwees oor haar oë. Nie op ’n melodramatiese manier soos in hospitaalsepies of *Grey’s Anatomy* reeks 16 nie, maar met stil verbys-tering. Skielik trap die dood in haar spoor. Hoe ervaar sy dit?

Maar net so belangrik: Hoe hanteer haar man, ’n onderspeelde en besadigde Liam Neeson as Tom dit? Natuurlik is sy liefde sterk genoeg sodat hy haar onselfsugtig bystaan. Maar kan ’n huwelik die jaarlange behandeling teen kanker deurstaan? Dan kry die woorde: “Ek sal jou bystaan. Ons is saam hierin,” van Tom ’n nuwe betekenis, veral ná ses maande se uitmergelende behandeling, en word sy liefde op ’n gedugte wyse getoets.

Die rolprent vat geen kortpaaie nie. Dit beeld die vermoeiende proses, van die diagnose tot chemoterapie, deeglik met sorg en simpatie uit. Maar hier is geen melodramatiese musiek of biggelende trane oor ’n verrimpelde wang nie. Net ’n stille vasberadenheid. Dit verduidelik hoe kankerpasiënte mekaar bystaan en dapper ondersteun. En hoe hulle daardie lang ure voor en ná behandeling deurbring.

Die spel is buitengewoon goed. Manville en Neeson skep die indruk dat hierdie twee karakters al dekades lank getroud is, en dat ’n uitstappie na ’n boom (waar ons sien hoe die seisoene verwissel) ’n lewenspad simboliseer. Want elke keer is Joan se stappie anders. Die trefkrag in haar spel lê juis in hierdie klein dingetjies wat haar vordering, of vrees vir die onbekende, kenmerk. Empatie en begrip is hier die wagwoorde.

As jy ’n kankerpasiënt is, of iemand ken wat kanker het, kan *Ordinary Love* jou besiel en bemoedig. Dit wys noukeurig dat ’n mens nooit mag opgee nie. En dit gee die “alledaagse” heeltemal ’n nuwe betekenis.

∗ *Beperking: Niemand onder 13 as gevolg van tonele met dwelmgebruik, seks en sterk taal.*

https://www.netwerk24.com/Vermaak/Flieks/lewe-se-wrede-toets-aan-egpaar-20200215

Brood vir die pad

Menslike woorde kan nie God se woord boei nie

RRV

In die Anglikaanse teoloog Rowan Williams se boek Luminaries: Twenty Lives that Illuminate the Christian Way (2019) vind ons ’n versameling van sy meditasies die afgelope jare oor invloedryke figure soos Augustinus, Teresa van Avila, Dietrich Bonhoeffer, Etty Hillesum en Óscar Romero.

Williams is nie bloot geïnteresseerd in die historiese feite oor hierdie lewens nie, maar probeer veral ontsyfer hoe hulle van die wêreld en geloof probeer sin maak het. Wat hom na dié figure aantrek, is nie dat hulle ongekwalifiseerd goed of moreel onberispelik was nie, maar eerder dat hulle lewens as’t ware skrefies lig deurlaat wat vir ons verrassende en verrykende perspektiewe kan open.

Een van sy oordenkinge handel oor Thomas Cranmer (1489-1556), die aartsbiskop van Kantelberg en leidende figuur tydens die Reformasie in Engeland. In ’n tyd van radikale politieke en godsdienstige omwentelinge was Cranmer verantwoordelik vir die skryf van die Book of Common Prayer, ’n liturgiese handleiding vir die Engelse kerk.

In die bewindstyd van Maria I (ook bekend as “Bloody Mary” weens haar vervolging van Protestante) is Cranmer van hoogverraad en kettery aangekla. Weens redes waaroor historici steeds bespiegel, het Cranmer tydens aanhouding onder druk sy Protestantse geloof op skrif afgesweer.

Nogtans is hy tot die brandstapel veroordeel. Dit is verwag dat hy in die openbaar sy lojaliteit aan die Rooms-Katolieke kerk sou bevestig. Maar Cranmer het op die brandstapel woorde uitgespreek wat later sy status as Protestantse martelaar sou versterk: “Omdat ek met my regterhand heelwat dinge geskryf het wat teen die oortuiginge van my hart was, sal dié hand eerste brand.”

Williams onderstreep die gedagte dat Cranmer sorgsaam en soekend met woorde omgegaan het, nie net ten opsigte van die liturgie nie, maar ook in die hitte van twisgesprekke. Agter hierdie gevoeligheid vir taal, skryf Williams, lê die oortuiging dat die woord van God nie geboei kan word nie (2 Timoteus 2:9), ook nie deur menslike woorde nie. Dit is juis op die rand van ons woorde en taalvermoë waar die volheid van die evangelie begin, waar geloof tuishoort en waarna aanbidding ons lei.

En aangaande die laaste minute van Cranmer se lewe waartydens hy inderdaad soos voorgeneem sy hand na die vlamme gehou het as ’n finale liturgiese komposisie anderkant woorde, skryf Williams: “And, because the word of God is not bound, it is as if that hand in the flames becomes an icon of the right hand of Majesty stretched out to us for defence and mercy.”

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/menslike-woorde-kan-nie-god-se-woord-boei-nie-20200214

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Seën

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877